



HUIS
HORISON

BEING • BELONGING • BECOMING

Huis Horison

2025

Annual

REPORT\VERSLAG

Verslag van die werksaamhede vir die tydperk 1 September 2024 – 31 Augustus 2025

Table Of Contents

About Huis Horison	003	Kliniekdienste	021
New Vision & Mission	005	Menslike Hulpbronne & Opleiding	023
Boodskap van die Voorsitter	006	Tegniese- en Terreinbestuur	026
Message from the Executive Director	007	Development & Marketing	030
Voldoening & Residensiële Dienste	090	Social Enterprise	033
Werkareas	011	Financial Management	037
Multi-dissiplinêre Span	015		

ABOUT HUIS HORIZON

ABOUT HUIS HORISON

Established in 1974, Huis Horison is a Village in Stellenbosch specialising in residential and protective day care for adult people living with a primary intellectual disability.

A safe and enriching environment is offered in which adults, with different levels of functioning can live and work together as part of an extended family and caring community. Support services are provided by a strong team of managers, instructors, carers, residential, administrative and fundraising staff, as well as a multi-disciplinary team consisting of social workers, nurses, an occupational therapist and biokineticist.

At Huis Horison our focus is on a holistic service that includes the following:

- Quality accommodation, meals, laundry and cleaning services.
- Primary medical care and basic assistance in activities of daily living.
- Skills training and job-creation in 11 sheltered work areas for 134 residents and 30 day workers.
- Life skills education.
- A holistic approach to address the physical-, emotional-, spiritual-, social- and mental well-being of residents and day workers.
- Work in close collaboration with parents, families, friends, volunteers, and members of the community as part of our Village.
- Incorporates adult people with intellectual disabilities from previously disadvantaged areas in the community in our day care programme, giving them the opportunity to a meaningful, safe and dignified life.



NEW VISION & MISSION

As updated July 2025

VISION

Huis Horison is the lifelong home (Village) of choice for adults with intellectual disabilities.

MISSION

Huis Horison is a home (Village) where the human dignity of everyone is recognised through the realisation of unconditional acceptance (being), inclusivity (belonging), and courage (becoming).

SHARED VALUES

1. We believe that each person is a unique being with value, status, and preciousness that deserves unconditional recognition and respect. (Being)

Therefore

- We recognize the human dignity of people with intellectual disabilities.
- We accept everyone, regardless of race, culture, religion or sexual identity.
- We strive to uphold the equal rights, freedom, and responsibilities of everyone in the community.

2. We are a hospitable community (Village). (Belonging)

Therefore

- We strive to be a community where acceptance, happiness, security and human dignity are experienced.
- We acknowledge the unique experience of spirituality.

3. We strive towards a sustainable future and the unlocking of potential. (Becoming)

Therefore

- We are a community that inspires each other to venture and thrive.
- We support our personal and social development and independence.
- We live in responsible harmony with nature.

BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER: DEON BOTHA



Terugskouend op die afgelope jaar, word ons opnuut herinner aan die betekenis van ons roeping: om 'n lewenslange tuiste, 'n village, te skep vir volwassenes met intellektuele gestremdhede. Ons is nie tevrede met bloot versorging en verblyf nie, maar streef daarna om erkenning te gee aan die kosbaarheid en menswaardigheid van elke persoon wat deel is van ons gemeenskap.

By Huis Horison staan ons visie en missie sentraal in alles wat ons doen. Ons skep 'n ruimte van aanvaarding waar elkeen se uniekheid respekteer word; ons bou aan 'n gemeenskap waar almal veilig en gelukkig leef; en ons waag dit om saam te droom van 'n toekoms waarin elke inwoner sy of haar potensiaal ontsluit. Hierdie waardes – being, belonging, becoming – gee rigting aan ons besluite en handeling.

Die afgelope jaar het unieke uitdagings en geleenthede gebring. Dit vra van ons om voortdurend in geloof, kreatiwiteit en met verantwoordelikheid te reageer. Ons vier saam inisiatiewe soos die winkel; Village Thyme, en die hoenderprojek; Henlê on Klip. So ook elke werksarea, instrukteur, versorger en bestuur wat dit moontlik maak dat inwoners floreer. Ons ervaar hoe personeel, ouers, inwoners en vennote saamstaan in diensbaarheid; en ons as direksie is gefokus op die groot verantwoordelikheid om Huis Horison se volhoubaarheid te probeer verseker.

Ek wil graag elke inwoner, familielid, werknemer, vrywilliger en skenker bedank vir hul bydrae tot hierdie missie. Sonder u betrokkenheid sou dit onmoontlik wees om die visie van Huis Horison gestalte te gee. Mag die jaar wat voorlê weer 'n getuigenis wees van ons gesamentlike strewe as ambassadeurs van Huis Horison: 'n huis waar liefde, hoop en menswaardigheid nie net gedroom word nie, maar elke dag geleef word.

Vriendelike Groete,
Ds. Deon Botha
Voorsitter

MESSAGE FROM THE CEO: DR. MAGDIE VAN HEERDEN

Geagte lede, families, vriende en belanghebbendes,

Om met dankbaarheid in my hart 'n terugblik op nog 'n jaar wat verby is te gee, is 'n groot voorreg. Ons word dikwels so vasgevang in die harde realiteit van die lewe, dat ons dankbaarheid miskyk. 'n Jaar het 4 seisoene, so ook 'n jaar by Huis Horison. Hierdie verslag kyk met waardering terug op alles wat weer nuut, of selfs vir die 1e keer, begin het (lente), groei- en werkgeleenthede (somer), geleenthede waar ons kon terugkyk op die werk gedoen (herfs) en winter; tye wanneer ons net ook kon stil raak, tot rus kom en sê 'dit is goed en genoeg'.

Huis Horison faces the same challenges as all NGO's and NPO's in South Africa: "NGOs in South Africa face significant challenges, primarily a decline in funding, which forces them into "survival mode" and can lead to burnout, creating a loss of (an) independent voice. They also grapple with immense legal and compliance burdens, struggling to meet complex regulatory requirements due to limited administrative capacity and resources. Other key challenges include fragmentation and lack of collaboration, the difficulty of navigating political complexities and government partnerships, and the need to improve internal governance, monitoring, and evaluation systems to ensure effective and transparent service delivery."

We will not stay trapped in survival mode – we want to thrive! Despite the challenges we face, we have a dedicated and competent staff team, volunteers, friends, financial and community partners who strive diligently to further our mission to be a home. A Village where the human dignity of everyone is recognised through the realisation of unconditional acceptance (being), inclusivity (belonging), and courage (becoming).

Thank you for your unwavering support and trust in our organization.



Dr. Magdie van Heerden



VOLDOENING & RESIDENSIËLE DIENSTE / COMPLIANCE & RESIDENTIAL SERVICES

RESIDENSIËLE DIENSTE

Die Residensiële Afdeling het gedurende die verslagjaar gefokus op die bevordering van kwaliteit sorg, die versterking van personeelspanne en die aanpassing van sisteme om meer doeltreffende dienslewering te verseker. Verskeie uitdagings rondom personeelbestuur, dissiplinêre sake en die verbetering van werkareas het voorgekom, maar ook noemenswaardige suksesse soos verbeterde sisteme, inspeksiestelsels en opleiding van kamerhulpe.

KAMERS EN WOONEEHUDE

Die implimentering van inspeksies skep 'n goeie prentjie van die wooneenhede se toestand en help met ons poging om dienslewering te verbeter. Om 'n kultuur van voordurende inspeksie-gereedheid te vestig, word inspeksie datums nie vooraf gedeel nie. Hierdie span het ook Opleiding in skoonmaakwerk ontvang, wat reeds sigbare resultate toon.

WASHUIS

Nuwe prosesse soos die "Lost & Found"-projek en die gebruik van stryk-etikette is geïmplimenteer. 'n Probleem wat aandag verg, is die verkeerde uitdeel van klere in wooneenhede en steeds die kledingstukke wat nie gemerk word nie.

SKOONMAAKSPAN

Die span bestaan uit 5 inwoners en dagwerkers met een instrukteur. Huidige uitdagings sluit 'n tekort aan kapasiteit en die behoefte aan stimulerende aktiwiteite in. Hierdie aspekte word tans aangespreek met die oog op regstellende aksies.

EETKAMER EN KOMBUIS

Die afdeling het baie goed gevaar tydens die Departement Gesondheid se inspeksie. Daar is egter nog heelwat wat beplan word, om sodoende teen die einde van 2025, 'n algehele sisteem in plek te hê, wat goeie resultate sal lewer.

HUISREËLS

Eerste sessies is vir inwoners aangebied. Tweede sessies word beplan asook opleiding vir personeel om konsekwente toepassing van die reëls te verseker. Huisreëls sal dan met ouers en voogde gedeel word.

LIEF EN LEED

Vir die jaar is daar in totaal 4 nuwe inwoners verwelkom by Huis Horison en 3 het ons verlaat. Ons moes ook met hartseer afskeid neem van die volgende inwoners:
Alex Volkwyn – 26 Oktober 2024
Winnie King – 17 Februarie 2025
Roald Wilken – 16 Augustus 2025

RESIDENSIËLE FUNKSIES

Jaareindfunksie, Valentynsdag funksie, Lentedans en Residensiële Inligtingssessie.



COMPLIANCE

The reporting year was characterized by sustainable service delivery, stronger internal controls, and good relationships with external stakeholders. Despite challenges such as staff vacancies, behavioral issues in certain departments, and administrative pressure, Huis Horison met all its core mandates and strengthened its credibility with authorities.

CAPE WINELANDS DISTRICT MUNICIPALITY

Huis Horison is regularly visited by the Health Inspector, and no major risks were identified during these inspections for the reporting year.

We are thankful for the guidance they provide during our annual Fête, to ensure compliance with requirements.

DEPARTMENT OF HEALTH (DOH)

The Department of Health conducted two inspections in this period, applying to Huis Horison as a whole. All administration, processes, policies, etc. are reviewed, and the premises with all its different areas are inspected to determine whether everything is managed according to the Department's requirements. Following the 2024 inspection, our Community Mental Health Facility license for 131 residents and 40 day workers has been renewed.

NPO REPORTING

All reports were submitted in accordance with the requirements of this department.

DEPARTMENT OF SOCIAL DEVELOPMENT (DSD)

In September 2024, a comprehensive business plan was submitted for Huis Horison's Residential Programme, in line with the outlined requirements.

Huis Horison was blessed this year with an additional "Once Off TPA", which was received in March 2025. All contracts from DSD were completed, signed, and submitted in accordance with the Department's requirements.

In October 2025, DSD conducted a 3-day inspection for "Performance & Monitoring" of the Residential and Day Care programmes subsidised by the Department. The inspection went well, and we received positive feedback.

Based on the various recommendations made by DSD after their inspection, we immediately began implementing a Service Delivery Improvement Plan (SDIP). In August 2025, DSD confirmed their satisfaction with our progress and confirmed that Huis Horison is functioning according to standard.

SASSA

Ongoing cooperation takes place with this department to foster good relationships. During this period, Huis Horison completed life certificates on two occasions, serving as confirmation that beneficiaries are still actively involved at Huis Horison. This ensures that grants are accurately disbursed.

WERKAREAS/ WORK AREAS

WERKAREAS

Die Werkareas het merkbare vooruitgang gemaak in produksie, Bemaking en die generering van inkomste. Inwoners, dagwerkers en instrukteurs het aktief deelgeneem aan die projekte, terwyl vrywilligers, studente en personeel waardevolle ondersteuning gebied het. Dit alles het gehelp dat inwoners nie net nuwe vaardighede aanleer en ontwikkel nie, maar ook selfvertroue bou en struktuur in hul dag ervaar– wat belangrik is vir hul terapeutiese groei en welstand. Die Werkareas bied werklik aan almal die geleentheid tot ‘being, belonging & becoming”.

ALGEMENE HERWINNING

Strukturele veranderinge aan die Houtwerkarea het tydelike ontwrigting van die Algemene Herwinning area meegebring. Die onderskeie Instrukteurs het hard gewerk om weer in ‘n normale dagritme te kom sodat inwoners gemaklik en produktief kan funksioneer. Hierdie area bly steeds lojaal aan kliënte en Mpact-vraghouers word daaglik gevul.

PAPIERHERWINNING

Papierherwinning het uitstekend gevorder, veral met hul versnipperingsdiens, waar inwoners gemiddeld 15 sakke ‘n dag verwerk. Die aankoop van ekstra masjiene het die produksie aansienlik verbeter en het ook nuwe werkseleenthede vir van ons inwoners en dagwerkers geskep.

Opleiding in rekenaargeletterdheid vir instrukteurs het die faktureringsproses en kliëntediens aansienlik verbeter. Die groep inwoners en dagwerkers in hierdie area beweeg minder as ander, en fokus net op een taak, maar met die hulp van die Terapiespan is ‘n meer volhoubare “Brain Breaks”- program geïmplementeer.



HANDWERK

Hierdie afdeling voorsien deurlopend hoëgehalte produkte en lewer 'n groot bydrae tot die volhoubaarheid van Huis Horison. Handwerk is 'n produksiegedrewe werkarea wat voorsiening maak vir sowel gemeenskapsmarkte as ons gereelde Markdae en jaarlikse Kermis. Die instruktors word ondersteun deur twee vrywilligers wat weekliks inskakel.

Vaardigheidsontwikkeling van inwoners en dagwerkers is 'n belangrike, maar tydrovende, komponent van hul werk en verg 'n besondere aanvoeling vir die individuele vermoëns van die inwoners daar werksaam is. Hierdie afdeling is afhanklik van skenkings van handwerkprodukte en masjiene om hul inkomste te maksimaliseer.

BAKKERY

Tot en met Mei 2025 was die Bakkery geïnkorporeer met die winkel as deel van die oorhoofse Sosiale Ondernemingaksie. Tydens die navorsing gedoen om 'n besigheidsplan vir die winkel voor te berei, is bevind dat die gesamentlike kombuisgeriewe logistieke probleme veroorsaak en dus ook die Bakkery se produktiwiteit beïnvloed. Met die opening van Village Thyme as volwaardige koffie -en 'thrift'winkel, het die Bakkery terug geskuif na sy oorspronklike area. In Village Thyme het hul 'n eie spesiale uitstallrak. Produksie het dadelik weer opgetel en hul is gereed om genoeg voorraad vir die Kermis te voorsien.

HOUTWERK

Ondanks aanvanklike personeeltekorte, het die afdeling vanjaar goeie produksie gelever. Produkte sluit in tafels, stoele, boekrakke, meubels vir skole en restaurante, sowel as items vir Huis Horison se eie gebruik (bv. eetsaal, winkel, hoenderprojek). Belangrike bestellings vir Vredenheim, Rustenburg Wines en ander kliënte is voltooi. Deurlopende herstelwerk aan meubels en vervaardiging van kleiner produkte (bv. kaasbordjies vir 'n bemerkingsprojek) is gedoen. Vervaardiging van produkte uit wynvathout is begin met die oog op die jaarlikse Kermis, asook vir verkoop by Village Thyme.



AKTIWITEITSGROEP

Die Instrukteur van die Aktiwiteitsgroep het, in samewerking met die Arbeidsterapeut, gefokus op die ontwikkeling van inwoners se kreatiwiteit en deelname in sensoriese en terapeutiese aktiwiteite. Die groep maak voorsiening vir inwoners met beperkte verbale vaardighede, terwyl stimulasie, selfvertroue en vaardigheidsontwikkeling bevorder is. Sedert die Julie vakansie is hul besig met klein kreatiewe kersversierings.

KWEKERY & HENLÊ ON KLIP

Hierdie afdeling het gefokus op die aanplant, versorging en verkoop van plante, groente en kruie, asook die vrywei-eierprojek wat in Junie afgeskop het. Die Kwekery het 'n bedryfsgerigte benadering gevolg met die verkoop van produkte aan Village Thyme en vir fondsinsameling.

Die inwoners se take wissel tussen die kwekery en die hoenders en word volgens 'n vasgestelde daaglikse program deur die Instrukteur, onder leiding van die Werkareabestuurder, georganiseer. Die span vereis deurlopende leiding en ondersteuning, veral rondom kreatiwiteit en stimulasie vir die inwoners wat direk betrokke is.

In hierdie afdeling kry ander werkareas ook die geleentheid om deel te neem aan ons Ekoterapieprogram. Veral Klub Phoenix geniet hierdie eko-aktiwiteite.



MULTI-DISCIPLINÊRE SPAN / MULTIDISCIPLINARY TEAM

MULTI-DISSIPLINÊRE SPAN

Die afgelope jaar het die Terapiespan 'n tyd van groei, verandering en aanpassing beleef. Ondanks personeelveranderinge, uitdagings rondom gesondheid en die verlies van drie inwoners, het die span met deursettingsvermoë voortgegaan om inwoners te ondersteun. Die span fokus daarop om 'n holistiese benadering te volg sodat alle aspekte van menswees aangeraak word.

Let daarop dat Kliniekdienste (Verpleegkundiges) ten volle deel is van die Welstandspan, maar vir doeleindes van die Jaarverslag afsonderlik verslag doen.

DIENSTE EN PROGRAMME

Al die rolspelers in die Terapiespan; Maatskaplike Werk, Arbeidsterapie, Biokinetika en Berading, maak gebruik van individuele-, groep- en gemeenskapsintervensie-metodes. Metodes word afgewissel na gelang van die terapeutiese doelwitte en behoeftes aangemeld.


Die ratio Terapeut:Inwoner + dagwerker is dus 1:164 wat gespesialiseerde individuele intervensies beperk. Hierdie stand van sake strek tot nadeel van die algemene welstand van ons teikengroep wat met baie spesiale behoeftes leef.

INDIVIDUELE INTERVENSIE

Inwoners het deurlopend individuele ondersteuning ontvang ten opsigte van emosionele regulering, selfbeeld, rouberaad,

verhoudingsberaad, kommunikasievaardighede en konflikthantering.

Op 'n meer fisiese vlak is spesifieke rolstoel- en pynbestuurassesserings gedoen, mobiliteit versterk en post hospitalisasie rehabilitasie. Selfversorging (persoonlike higiëne) en assessering van valrisiko's word al meer 'n uitdaging. Assessering van ADL (activities of daily living) word toenemend vereis soos ons inwoners ouer word – hierdie word as een van ons grootste uitdagings vir die toekoms beskou.



GROEPINTERVENSIË

'n Verskeidenheid programme is ontwikkel en aangebied om inwoners se lewenskwaliteit en vaardighede te verbeter:

- Lewensvaardigheidsgroepe: geldbestuur, sosiale vaardighede, werksetiek en tydsbestuur.
- Ekoterapie: staptogte, bosbaddens (forest bathing), tuinmaak en ontspanningssessies in die natuur, visvang- en voëlkykspanne, waarneming van hoenderinteraksies. 'n Interessante feit: Interaksie met hoenders bied sensoriese stimulasie, gee 'n ervaring van kalmte en geselskap (companionship), en skep 'n konneksie met die natuur en die voedselketting.
- Fiksheid en rehabilitasie: Pilates, dans, draf, "Move & Groove", netbal, sokker, Ystermanne, balansgroepe en Klub Phoenix.



- Spesiale groepe: Playball vir inwoners met Down-sindroom en "Move with Purpose" vir diegene met fisieke beperkinge.
- Rou- en verliesgroepe na die afsterwe van mede-inwoners en/of naby familie.
- Alle nuwe inwoners en dagwerkers het die seksuele opvoedingsessies bygewoon, en ouers is betrek by die navorsing in die verband.
- Sensoriese stimulasie en breinspelsessies wat beide kognitiewe en emosionele welstand ondersteun.

GEMEENSKAPSBETROKKENHEID

Die terapeutiese span moedig inwoners deurlopend aan om aktief betrokke te wees in die breër gemeenskap. Funksies soos Village Vrydae, Markdae, Valentyns- en Lentedagfunksies, Kermis, Changeability-stap, besoeke aan AWSS (dierewelsyn) en Village Thyme is almal geleenthede om vriendskappe op te bou. Hierdie betrokkenheid versterk sosiale vaardighede, bou selfvertroue, verbreed horisonne, stimuleer kommunikasie en vele meer.

Familiebetrokkenheid is van uiterste belang vir die algemene welstand van veral ons inwoners. Gereelde kommunikasie, gesinsvergaderings met en vakansierugvoer aan die Terapiespan word aangemoedig.

Vakansieprogramme is in Desember en Julie deur die Terapiespan geïnisieër. Hierdie programme verg baie energie, beplanning en addisionele befondsing, maar is van onskatbare waarde vir ons inwoners wat nie die voorreg van familiebande het nie en elke langnaweek en vakansie by Huis Horison moet deurbring. Hul voel afgeskeep, depressief en eensaam en die terapeutiese waarde van vakansieprogramme is dus onmeetbaar.



Kerkdienste lewer 'n groot bydrae tot gemeenskapsbetrokkenheid. Drie gemeentes, nl NG Stellenbosch Wes, Stellenbosch Gemeente (inwoners verwys na Paul Roos gemeente) en Christ Church bied vervoer aan vir 'n beperkte aantal inwoners op Sondagoggende. Twee Bybelstudiegroepe kom byeen op weeksaande (SG en CC).

'n Behoefte bestaan aan kort eredienste op Sondae by Huis Horison, veral vir inwoners wat nie aan een van hierdie gemeentes behoort nie, of vir wie dit nie gemaklik is om na 'n kerk vervoer te word, of so lank te sit nie.

Studente speel 'n integrale rol in die lewe van ons inwoners en dagwerkers. Hul jeugdigheid, entoesiasme, kreatiwiteit, spontane omgee en inbring van 'idees van buite' bied normaliteit in 'n soms eentonige week.

Studente van Stellenbosch Universiteit, Hugenote Kollege en ander instansies het waardevolle praktiese leerervarings ontvang en het groepe en individuele sessies onder supervisie aangebied.

PROFESSIONELE ONTWIKKELING

Spanlede het deur die jaar deelgeneem aan opleiding en kursusse oor onder meer demensie, outisme, Parkinson se siekte, etiek en bestuur.

Biokinetiese programme is uitgebrei met TRE®-sessies vir beide personeel en inwoners. Hierdie fokus op voortdurende leer het die gehalte van dienslewering verhoog en nuwe, innoverende programme moontlik gemaak.

BELANGRIKE PROJEKTE EN INNOVASIES

- Herstrukturering van Individuele Sorgplanne (IDP's) volgens die nuwe DSD-vereistes. Teen Desember 2025 word beoog dat al 134 planne voltooi sal wees.
- Uitbreiding van rehabilitasieprogramme soos Playball en Klub Phoenix.
- Vakansieprogramme wat inwoners ondersteun tydens stresvolle periodes soos die Julie-vakansie.
- Sport en ontspanning het 'n sterker fokus gekry deur nuwe oefengroepe en buitelugaktiwiteite.





KLINIEKDIENTE / CLINIC SERVICES

KLINIEKDIENTSTE

Versorgers en Verpleegkundiges vorm die hart van ons organisasie. Sonder hierdie gespesialiseerde diens kan ons nie ons roeping ten volle uitleef nie. Hierdie afdeling dra nie net by tot die gesonde 24/7 funksionering van die fasiliteit nie, maar versterk ook die waardes van omgee, menswaardigheid en hoop.

Huis Horison bly verbind daartoe om te verseker dat slegs die regte individue, met die regte ingesteldheid en gesindheid, deel word van ons span. Hierdie doelwit, gekombineer met deurlopende en relevante opleiding in fisiese- en geestesgesondheidsorg en veiligheid, vorm die basis van ons kwaliteit diens. 'n Verdere minimum vereiste is 'n diepgaande begrip van die unieke behoeftes van kwesbare individue.

In ag genome die intensiewe kontaktyd tussen versorgingspersoneel en ons inwoners en dagwerkers, verdien hulle die meeste ondersteuning en begrip. Hoewel ons die afgelope jaar uitdagings ervaar het met die omset en beskikbaarheid van geregistreerde verpleegkundiges, werk ons doelgerig daaraan om hierdie uitdagings aan te spreek en stabiliteit in hierdie kernrol te verseker.

PROGRAMME/AKTIWITEITE

KLINIEKDIENTSTE

(RN = Registered Nurse, EN = Enrolled Nurse, ENA = Enrolled Nurse Assistant)

Ten spyte van uitdagings met die bedanking van die RN het ons die situasie vinnig suksesvol hanteer en die dienste weer stabiel in plek gestel. Intussen is twee nuwe EN's vir nagskofte aangestel om te verseker dat daar 24/7 kliniekdienste beskikbaar is. Opleiding in die spesiale behoeftes van persone met intellektuele uitdagings is van kardinale belang om optimale diens te verseker. Kliniekbeleide word met alle kliniekpersoneel en die versorgingspan deurgewerk om te verseker dat hul op hoogte is van die onderskeie protokolle, veral in die hantering van noodgevalle.

VERSORGINGSPAN

Nuwe versorgers word deurlopend gewerf om aflosdienste beskikbaar te hê en sodoende te verseker dat 'n volle personeelkorps 24/7 aan diens is. Hierdie bly egter altyd 'n uitdaging. Wat betref spesiale versorging is 'n proses geïmplementeer vir tydelike en permanente dienste, wat insluit kwotasies, kontrakte en fakturering aan families. Hierdie komponent van diens word ook aangespreek in 'n Diensvlakkooreenkoms (Service Level Agreement) wat binnekort uitgereik gaan word.

SENIOR VERSORGERS

Ons is trots op die suksesvolle voltooiing van die Senior Versorgerprogram. Na 'n streng meting van hul vaardighede en toewyding het die Senior Versorgers hul sertifikate (en hul kenmerkende uniformdrag) gekry. Hierdie mylpaal is ook 'n erkenning van hul professionele groei, deursettingsvermoë en toewyding aan die inwoners van Huis Horison.

Senior versorgers speel 'n sleutelrol om die dag-tot-dag asook nag-tot-nag versorging en verpleging te verbeter. Die span staan onder die bekwame leiding die Versorgingskoördineerder.



Die rotasie van skofte tussen dag en nag word sedert Januarie 2025,

volgens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, elke vier maande toegepas. Hierdie voldoeningsvereiste skep soms ongemak by sowel die spanlede as die inwoners en hul families maar moet konsekwent toegepas word. Dit hou egter die voordeel in dat versorgers die spesiale behoeftes van al die inwoners en wooneenhede leer ken, asook die verskil tussen dag en nagroetines.

BLISTERVERPAKKING

Blisterverpakking is 'n vereiste van die Departement Gesondheid en 'n belangrike komponent van risikobestuur. Die blisterverpakking van medikasie is tans 99% voltooi; vrywaringsvorme word uitgereik vir inwoners wat nie blisterverpakking kan volg nie. Om die proses volledig en vlot te laat verloop bly 'n uitdaging omdat menslike foute by sowel apteke, ons eie Kliniek en families wat tuis medikasie toedien insluip.

VERSORGER-SPESIFIEKE OPLEIDING

Versorgingopleiding bly 'n prioriteit by Huis Horison. Ons besef dat opleiding deurlopend aangebied moet word sodat alle personeel, maar veral versorgers wie die meeste tyd met ons inwoners spandeer, op hoogte bly en die nodige vaardighede en kennis ontvang. Vir die komende jaar word Opleiding in "Studio III: Managing Challenging Behaviour" en "Dementia & Intellectual Disability" as prioriteit gestel. Ons Arbeidsterapeut sal die komende semester opleiding fasiliteer rakende die veilige en korrekte hantering van inwoners wat nie meer mobiel is nie. 'n Gespesialiseerde program vir ons groep bejaarde inwoners (Klub Phoenix) is in beplanning - verskeie spanlede is hierby betrokke.

MENSLIKE HULPBRONNE & OPLEIDING / HUMAN RESOURCES & TRAINING

MENSLIKE HULPBRONNE & OPLEIDING

MENSLIKE HULPBRONNE BESTUUR

Ons fokus die jaar was steeds op die verfyning van die menslikehulpbronstrategie. Ten spyte van die uitdagings wat die Employment Equity wetgewing meebring, beweeg ons toenemend na 'n talentbestuursbenadering.

Die doel is om nie net poste te vul nie, maar die regte mense aan te stel, te ontwikkel en te behou. Die veiligheid en welstand van ons inwoners en dagwerkers moet ten alle tye ons prioriteit wees.

Deurlopende opleiding bied geleenthede vir groei, vaardighedsontwikkeling en om werkstrots te vestig. Die kennis en vaardighede waaroor ons beskik stel ons in staat om binnekort opleiding ook aan buite instansies aan te bied en daardeur 'n bydrae te lewer tot ons finansiële volhoubaarheid.

Die afgelope jaar is gekenmerk deur verskeie programme en nuwe inisiatiewe om strukture en beleide te ontwikkel en te versterk:

SENIOR PERSONEEL

Senior personeel is bemagtig deur opleiding in dissiplinêre prosesse. Dit stel bestuur in staat om dissipline konsekwent en regverdig toe te pas. Versorgers is steeds die grootste groep waarbinne dissiplinêre aksies plaasvind.

Die MH Assistent en Versorgingskoördineerder het dus addisionele opleiding ontvang in hierdie prosedures.

PRESTASIEBEOORDELINGSPROSES

Die prestasiebeoordelingsproses is hersien en suksesvol geïmplementeer. 'n Nuwe formaat is bekendgestel wat vinnige maar regverdig beoordeling moontlik maak en terselfdertyd die vloei van inligting na Finansies verbeter. Salarisverhogings vir die jaar is afgehandel op grond van hierdie uitslae en in lyn met die vereistes van die Peromnes-stelsel. Hierdie hersiende prestasiebeoordelingsstrategie verseker dat personeel billik gemeet word en dat elke werknemer begryp waar hy/sy inpas by die groter doel en funksionering van Huis Horison.

STRUKTURELE ONTWIKKELING

Verskeie prosesse is ondersoek om die organisasie se operasionele funksionering te optimaliseer. Die implementering van 'n nuwe kliniekstruktuur is steeds in proses en sal eers in die volgende finansiële jaar voltooi word.

Die herstrukturering van Klub Phoenix is egter van kritieke belang om die toenemende uitdagings rondom inwoners met demensie beter te bestuur. 'n Meer gefokusde benadering sal insluit die aanstelling van 'n 'Companion' en twee versorgers wat sal fokus op sowel fisiese-, emosionele-, sosiale- en kognitiewe behoeftes.

PERSONEEL BELEIDE

'n Hersiene Lenings- en Voorskotbeleid is in werking gestel. Hierdie beleid stel duidelike reëls oor maksimum bedrae en beperkings ingevolge die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

'n Induksiehandleiding is voltooi wat praktiese riglyne en noodsaaklike inligting bevat om die inskakeling van nuwe werknemers, asook studente en vrywilligers te vergemaklik. Nuwe verlofvorms is bekendgestel om verlofbestuur te stroomlyn, alhoewel die meeste personeel reeds die elektroniese proses bemeester het.

JAAREINDFUNKSIE

Ons jaareindfunksie, die "Amazing Race", is in Desember 2024 gehou en was 'n groot sukses. Ongeveer 80% van personeel het deelgeneem. Hierdie was nie net 'n spanbou-aktiwiteit nie, maar het bygedra tot die versterking van 'n positiewe organisasiekultuur.

OPLEIDING

Die Opleidingsafdeling het die afgelope jaar sterk momentum opgebou en 2025 bied groot geleenthede sowel as uitdagings om ons strategiese opleidingsbeplanning suksesvol voor die finansiële jaareinde af te handel.

STUDIO III TRAIN-THE-TRAINER PROGRAM

Een van die grootste mylpale is die voltooiing van die Studio III Train-the-Trainer Program. Die laaste opleidingssessie word in Oktober 2025 voltooi, waarna ons in staat sal wees om ons hele personeelkorps intern op te lei sonder die hoë eksterne kostes.

Hierdie kwalifikasie bied ook die geleentheid om eksterne opleidingssessies aan te bied, wat 'n waardevolle bron van inkomste vir volhoubaarheid sal wees.

ADDISIONEEL

Spesialisopleiding wat plaasgevind het: Oktober 2024 is die eerste Alzheimer's- en Down-sindroomopleiding aangebied. Emosionele Intelligensie-opleiding is tans in die laaste fase van aanbidding. Behalwe vir formele opleiding, word ook sterk klem gelê op spanbou. 'n Suksesvolle sessie met die Senior Versorgers is reeds gehou, en verdere sessies word beplan vir departemente waar daar 'n behoefte bestaan.

'n Belangrike strategiese stap is om ons kursusse vir CPD punte te akkrediteer. Ons beoog om in Oktober 2025 ons eerste opleidingsdag vir die kursus Dementia & Intellectual Disability aan te bied. Behalwe vir die professionele ontwikkeling van deelnemers, sal dit ook 'n bykomende inkomstestroom vir Huis Horison kan skep.

OPLEIDINGFASILITEITE

Ons opleidingsfasiliteite het verbeter. Die afdeling het verhuis na die grondvloer van Disa, wat 'n geskikte en energieke ruimte bied vir funksionele opleidingssessies. Dit skep 'n meer gestruktureerde en inspirerende omgewing vir personeelontwikkeling.

HOOGTEPUNTE

Ons is trots daarop dat ons 'n platform op die Western Cape Forum for Intellectual Disability se Algemene Jaarvergadering kry, waar ons MHB Bestuurder die tema "Two Journeys, One Story: Dementia in the World of Intellectual Disability" sal aanbied. Hierdie is 'n belangrike geleentheid om bewustheid te verhoog en gesprekke te stimuleer oor die moontlikheid om wetgewing aan te pas vir die diagnose en ondersteuning van persone met intellektuele gestremdheid en demensie.

TEGNIESE- EN TERREINBESTUUR/ TECHNICAL & TERRAIN MANAGEMENT

TEGNIESE- EN TERREINBESTUUR

Die afgelope jaar het die Tegniiese, Houtwerk- en Terreinspan groot vooruitgang getoon, ondanks uitdagings van personeeltekorte en masjinerie wat vervang moes word. Verskeie groot projekte is suksesvol afgehandel, terwyl roetine instandhouding en noodsaaklike herstelwerk op 'n hoë standaard voortgesit is. Die selfbestuurde bouprojekte en kreatiewe kostebesparingsmaatreëls het Huis Horison se infrastruktuur, funksionaliteit en omgewingsvolhoubaarheid merkbaar versterk.

Die jaar was gekenmerk deur groot projekte (eetsaal, hoenderprojek, Village Thyme, stoorbeplanning), effektiewe instandhouding, en energiebesparing deur solar en geyserbestuur.

GEBOUE

Roetine instandhouding is volgens 'n vaste program gedoen. Kontrakteursdienste (brandblussers, alarms, hysbak, lugversorgers, watersuiwering, geysers ens.) is deur die jaar in lyn met voorgeskrewe regulasies op datum en tyd gedoen. Deurslotte in alle ou wooneenhede (Sonneblom, Protea, Katjiepiering, Jasmyne) is vervang om sekuriteit te verhoog – alle deure kan nou in geval van nood van buite oopgesluit word selfs al sluit die inwoner dit van binne.



Verskeie kamers is gevef, matte vervang, ligte opgegradeer na LED, en geysers met kleiner elemente is vervang of aangepas om krag te bespaar. 'n Aantal staalraamvensters in Katjiepiering en Protea wooneenhede is met aluminiumraamvensters vervang.

SEKURITEITSTELSELS

'n Nuwe nommerplaatherkenningskamera is by die hoofhek geïnstalleer om toegangsbeheer vinniger en veiliger te maak. Die skuifhek by Ingang 2 se wiele en motor is herstel en 'n waghuisie (met donateurbefondsing) word beplan vir beter toegangsbeheer na veral Village Thyme. Die hek sal dan vanaf 09:00 tot 17:00 op woensdae en Saterdag vanaf 09:00 tot 13:00 beman kan word. Ons is dankbaar om te bevestig dat geen ernstige sekuriteitsinsidente plaasgevind het nie.

SONKRAG (SOLAR) ENERGIE

Die uitbreiding van sonpanele tot 190kW tesame met n "smart" energie bestuurstelsel stel ons in staat om ons afhanklikheid van duur munisipale krag tot n minimum te hou. "Smart controllers" is op sekere geysers geïnstalleer om kragverbruik beter te bestuur, veral tydens spitsstye, wat by Huis Horison 'n uitdaging is aangesien krag intensiewe areas soos die Kombuis en Washuis juis in spitsstye moet funksioneer. Daarbenewens val inwoners se stortstye grotendeels in spitsstye en is moeilik om hul roetine te verander.

NUWE PROJEKTE

Die vergroting van die eetsaal is suksesvol voltooi met nuwe sitplekuiteleg, aluminiumvensters en meubels.


Ons Houtwerk-afdeling is vergroot en verbeter deur 'n gedeelte van Algemene Herwinning oor te neem. Hierdie bied nou meer veilige ruimte vir sowel inwoners as die personeel wat met kragmasjienerie werk. 'n Dek- en solderruimte is self gebou wat baie meer stoorruimte skep.

Die tegniese span was verantwoordelik vir die bou van Henlê-on Klip en is in Junie voltooi. Village Thyme-winkel is einde Mei ingerig, met verfraaiing van omliggende terrein. Die tegniese span was verantwoordelik vir alle strukturele veranderinge en elektriese installassies (beligting, klank ens). Die Houtwerkafdeling het die uitstallrakke en nuwe meubels gebou.



Wendy-huise is opgerig as stoorplek, kantoor/werksarea en akkommodasie vir die masjienoperateur.

Verskeie terrein- en opknappingsprojekte is afgehandel, o.a. stormwaterpypleiding, nuwe plaveisel, afdak vir trekker/TLB/chipper om meer beskerming te bied.



TERREINBESTUUR

Nuwe trekker en aanstelling van 'n ervare masjienoperateur het 'n groot bydrae gelewer tot instandhouding en ontbossing. Groot hoeveelhede indringerbome is verwyder en hout "gechip" wat verkoop is maar ook op eie terrein gebruik. 'n Nuwe stormwaterpyplyn vanaf die parkeerarea na die dam is geïnstalleer. Daaglikse instandhouding van geute, stormwaterpype en algemene netheid is gedoen. Verskeie tuin- en verfraaiingsprojekte is afgehandel, insluitend grenadella-aanplantings en nuwe buite ontspanareas vir inwoners en personeel.

PERSONEEL

Drie belangrike aanstellings is die jaar binne die Tegnieke afdeling gedoen – 'n kabinetmaker, verwer en masjien operateur vir die trekker en TLB. Hierdie aanstellings het ons produktiwiteit 'n groot hupstoot gegee. Die span het met toewyding ekstra werk gedoen om projekte intern af te handel en koste te spaar.



ONTWIKKELING & BEMARKING / DEVELOPMENT & MARKETING

DEVELOPMENT & MARKETING

The Development department focuses on fundraising and promoting the centre in ways that allow corporates, trusts, church congregations, and individuals to connect with and support our mission, both personally and financially. We employ a diversified strategy to generate resources and ensure a sustainable future for the centre. This approach enables us to support our programmes and activities, advance our vision, and create opportunities for a better, more meaningful life for our beneficiaries, while positioning the centre as a welcoming and healing space for all.

Welfare organisations in South Africa are constantly under threat of reduction in government subsidies. We therefore need to find ways to generate income and become less dependent on such assistance. Our focus this year was in the establishment of two social enterprise projects, namely Henlê on Klip and Village Thyme, which both launched in June 2025

FUNDRAISING EVENTS

- Kuier & Koop Market Days (February, June and September)
- Annual Fête (Kermis) and Trail Run
- Golf Day
- Music concert with Spoegwolf at Daisy Jones
- Ladies' Breakfast with Retha McPherson
- Gents' Breakfast with Johan Badenhorst
- Celebrate Life Dinner
- Padel Tournaments (Advanced and Beginners respectively)

VOLUNTEERS

We are deeply grateful for the invaluable contribution of our volunteers. The highlight each year is our annual Fête, where more than 200 volunteers generously give their time to ensure the event's success.

Throughout the year, our dedicated volunteers enrich the lives of our residents through music therapy, art activities, and handwork support. Others have donated and planted trees, while school groups assisted in the work areas and with recycling initiatives.

We also welcomed visits from PAT (Pets as Therapy) dog-and-handler teams, and local hairdressers and barbers kindly offered free haircuts and blow-dries, and our volunteers that spoil our residents by doing their nails.

Each year, a team of the best local fine-dining chefs donate their time, venues and ingredients to host the much-loved Celebrate Life dinner.



Not to mention the visit from the Easter Bunny, Normandie and friends that hosted Valentine's for our residents, 7 Oaks that support our residents' functions, Koos Kombuis who performed for our residents, Johan Badenhorst and Retha McPherson who volunteered their time, Lelanie van den Berg who hosted an evening event and auction in aid of Huis Horison, and the group of runners from Become Elite undertook a gruelling 100km to raise funds for Huis Horison. We are equally thankful to employees of IQVIA, S&P Global and Driscoll's, whose volunteering and nominations unlocked further funding disbursements.


We truly value every individual and group who has partnered with us—your commitment makes a real difference!

SPONSORSHIPS AND FUNDING

We would like to extend our sincere gratitude to our funders for their support. These are but a few of the achievements made possible through your generosity:

- Sponsorship of two specialist positions on our MDS team.
- Sponsoring our needy residents so that they can remain residents of Huis Horison.
- Expansion of solar power through installation of additional panels.
- Building of Henlê on Klip.
- Revamp of our shop and launch of Village Thyme.
- Creating and celebrating special occasions with our residents.
- Installation of Wendy Houses.
- Investment in our staff for training.
- Blister packing for our subsidised residents.
- Sponsorships and donations towards our fundraising events to make them a success.
- Donating and planting of trees.

Thank you to some of our major funders:



VRIENDE VAN
HUIS HORISON
TRUST

Remgro
Limited



CAPE WINELANDS DISTRICT
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA



STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY



social development

Department:
Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Fynbos Trust

CLUVER
MARKOTTER

We would also like to thank each and every individual, school, congregation and business that supports Huis Horison, big or small, through donations, sponsorships and volunteering.

SOSIALE ONDERNEMING / SOCIAL ENTERPRISE

HENLÊ ON KLIP

After extensive research into ways to address the above we decided to invest in Free-Range Chicken Egg Village production.

Such a venture will satisfy all the criteria for an Eco-Therapy work area, as it is especially suited for people with special needs, provide the opportunity to generate additional income and assist us in becoming financially independent through the social enterprise. We are grateful for two major sponsorships, empowering us to embark on the first phase of this project. Aptly named "Henlê on Klip", the aim is that our little Chicken Village will become an attraction thus further assisting with income and promotion of Huis Horison as a Village.

On 4 June, our first 125 feathered residents arrived, the first egg laid on 1 July, and the official opening held on 24 July. Eggs are collected daily, and proudly sold at Village Thyme and at Kwikspar Paul Roos.



What cannot be capitalized, however, is the effect and value of the chickens on the well-being and state of mind and our residents. It is still early days to determine the true therapeutic impact of our feathered friends on our residents, but all signs are there that it will have a significant impact on their Quality of Life.



VILLAGE THYME

We put together all our efforts and overhauled our shop with the aim to create a viable social enterprise where residents, personnel, parents/family and the broader Stellenbosch community can relax and experience the Huis Horison magic.



Here we can showcase the value proposition offered by the Huis Horison economic Hub (bakery, free-range eggs, products from our work area and plants) while providing residents with the opportunity to learn life skills, purchase essential items, snacks and drinks at affordable prices and enjoy a real shopping experience, not only on Village Fridays, but during the week as well.

We decided on this name as it reflects our objective for a “Village” life at Huis Horison. “Thyme” is associated with our eco theme and plays on the word “time” – which reflects the atmosphere we seek to establish – a comfortable, healing and tranquil space where visitors and residents alike can relax and enjoy without being rushed. The name will appeal to the residents and that will be easy for them to remember and pronounce.


The logo has been designed to fit in with the Huis Horison branding, but with its own colour scheme and the Plover in the emblem is holding a twig of Thyme.

Village Thyme is to be a profitable venture that will provide an ideal opportunity for residents, give them the opportunity to learn new skills and provide a place to socialise and have a shopping experience. It will increase the awareness of who we are, what we stand for and what we aim to accomplish to the broader Stellenbosch community and assist with the strengthening of a positive sentiment towards our organisation. We are grateful for our sponsor who has made this venture possible.



THRIVING VS SURVIVING

We are entering an exciting era of thriving vs surviving. Our social enterprise initiatives will be critical to the long-term sustainability of Huis Horison. The future of our successful core services, built up over the past 50 years and reported on in this report, is thus dependent on this.



FINANSIËLE BESTUUR/ FINANCIAL MANAGEMENT


BALANSSTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG OP 31 MAART 2025

	2025	2024
Nie-bedryfsbates	75 908 302	71 405 642
Eiendom, aanleg en toerusting	63 253 155	60 476 759
Finansiële bates	12 655 147	10 928 883
Bedryfsbates	13 872 719	11 058 582
Handels- en ander debiteure	795 075	1 075 680
Kontant en kontantekwivalente	13 077 644	9 982 901
TOTALE BATES	89 781 021	82 464 223
TOTALE FONDSE & RESERWES	49 538 492	43 819 390
Nie-bedryfslaste	34 813 764	34 917 643
Verblyfreglenings	34 447 643	34 917 643
Finansieringslaste	366 121	-
Bedryfslaste	5 428 765	3 727 193
Handels- en ander krediteure	1 625 809	1 524 559
Ander Finansiële Verpligtinge	1 290 000	-
Finansieringslaste	95 510	-
Voorsienings	927 706	696 081
Vooruitontvange inkomste	1 489 740	1 506 553
TOTALE AANSPREEKLIKHEID	40 242 529	38 644 836
TOTALE FONDSE & AANSPREEKLIKHEDE	89 781 021	82 464 226

INKOMSTESTAAT VIR DIE 12 MAANDE PERIODE

	2025	%	2024
BEDRYFSINKOMSTE	16 702 714	12%	14 861 580
Ouerbydraes, vakansieverblyf & diverse	10 721 933	17%	9 126 343
Toelaes ontvang	5 980 781	4%	5 735 237
TOTALE BEDRYFSUITGAWES	22 227 969	26%	17 645 059
Algemene bedryfsuitgawes	2 265 833	17%	1 929 073
Depresiasie & skraping	346 122	12%	307 883
Eetkamer	2 299 695	2%	2 253 069
Herstelwerk en onderhoud (netto van versekeringseis & skade)	611 376	14%	535 398
Munisipale kostes	2 373 758	75%	1 353 829
Werknemer koste (uitgesluit befonds deur spesifieke donasies)	14 331 185	27%	11 265 806
NETTO BEDRYFSTEKORT voor spesifieke donasies	(5 525 255)		(2 783 479)
Plus Donasies vanaf HJMNf & borg 'n inwoner	729 542	186%	254 700
NETTO BEDRYFSTEKORT	(4 795 713)		(2 528 779)
Plus Netto uit werkareas & dagsorg projek	532 246	23%	432 145
NETTO TEKORT voor fondsinsamelings	(4 263 467)		(2 096 633)
Plus Netto uit fondsinsamelings (na bemarking- & befondsde salarisse)	1 049 612	-29%	1 478 134
NETTO (TEKORT) / SURPLUS voor beleggingsinkomste	(3 213 855)		(618 499)
Plus Wins met verkoop van belegging	4 026 493	1215%	306 186
Plus Beleggingsinkomste	1 524 923	24%	1 232 190
NETTO (TEKORT) / SURPLUS voor spesiale bemakings	2 337 561		919 876
Plus Spesiale Skenkings & Bemakings	1 629 493	-59%	3 941 437
Plus Billike waarde aanpassings	1 009 660	371%	214 250
NETTO (TEKORT) / SURPLUS vir die jaar	4 976 714	-2%	5 075 565

In vs Out | In vs Uit



A photograph of a middle-aged couple smiling at the camera. The man, on the left, has grey hair and is wearing a red polo shirt and a lanyard with a badge. He is holding a glass of wine. The woman, on the right, has dark hair and is wearing a white top under a denim jacket. She has her hand on the man's shoulder. In the background, there is an outdoor event with many people, some wearing red shirts, and a white building with solar panels on the roof.

BEING, BELONGING BECOMING

Patrysstraat 1 Patrys Street, Onder-Papegaaiberg, Stellenbosch 7600

2008/026927/08
003-306-NPO



www.huishorison.org.za



adminsek@huishorison.org.za



+27 21 887 5080